

Saterdag 28 Mei

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22, 23 (AFR83)

Geesvrug en lewensvreugde!

Die bekende en altyd mooi Galasiërs 5:22, 23. Totaal anders as die voorafgaande “vrugte-van-die-vlees”-teks. Die “vrug-van-die-Gees”-teks. Die werklikheid in die lewe van diegene as lewensvrug van God se Gees wat deur die geloof in Jesus Christus aan Hom behoort.

Rype lewensvrug wat mens aan die Matteus 12:33 woorde laat dink: “’n Boom word aan sy vrugte geken ...” Geesvrug sigbaar in die mens se lewe wat hom/haar deur die Heilige Gees laat lei en dus deur die Gees beheers word. Vrugdraend in die lewe, met kinderlike vreugde.

- Liefde: Gewillige, selfopofferende diens. Onselfsugtig en nie afhanklik van wederliefde nie.
- Vreugde: Meer as bloot verbygaande vrolikheid. Die Heilige Geesvreugde omdat die verhouding tussen die mens en die hemelse Vader in orde is.
- Vrede: Niks ontbreek nie. Net die beste, deur die Here se hulp en seën. Vrede ... want die ewige Vredevoors is sy kinders se Raadsman!
- Geduld: Oftewel “lankmoedigheid”. Om lank te wag alvorens mens in ongeduld en woede uitbars (Spr. 16:32).
- Vriendelikheid: ’n Fyngevoelige besorgdheid vir ander mense. Om ander mense sagkens te behandel!
- Goedhartigheid: ’n Geesvrug wat, soos al die ander, deur woorde en dade gewys word. Om doelbewus vir ander mense om te gee (Rom. 5:7).
- Getrouheid: Onwankelbaar ’n staatsmakermens wat weet God is getrou. Om jouself aan die Here toe te (ver)-trou en dus self getrou te wees.
- Nederigheid: ’n Sagsinnige lewenshouding met Geesvrug-krag om minzaamheid te openbaar (Kol. 3:12).
- Selfbeheersing: Die immuniteit teen sonde in ’n mens self én in die wêreld en dus nie kort-kort “buite beheer” nie.

Leef ’n lewe van Geesvrug-weelde, om biddend-dankbaar te sê:

“O Vader, laat u liefde my blyk;

O Seun, maak my u beeld gelyk;

O Gees, send u vertroosting neer;

Drie-eenige God, U sy al die eer ...” (SB 20-2:7)

Sing: Psalm 119-1:26

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)